# SONDAGSKOOL LES - God is Jaloers

**Doel van les:**

- In hierdie week se les praat ons oor God as 'n jaloerse God.

**Ysbreker:**

- **Jaloesie aktiwiteit:** Verduidelik dat om jaloers te wees beteken om iets te wil hê wat iemand anders het. Gee vir elke kind 'n blaai en pen en hulle gaan nou 5 minute kry om geleenthede neer te skryf toe hulle jaloers was. Nou vir die volgende 2 minute kry hulle kans om langsaan die geleenthede te skryf of hulle dink die jaloesie wat hulle ervaar het, meestal goed of meestal sleg was.

Het julle al ooit dit raak gelees in die Bybel of dalk gehoor dat God beskryf word as 'n jaloerse God? Ja daar is gedeeltes in die Bybel waar dit genoem word. Vandag moet ons die verskil tussen menslike jaloesie en God se jaloesie bespreek.

**Vrae in groep:**

Lees Eksodus 34:14

- Wat is ander gode? (Enige iets wat ons dien eerder as om vir God eerste te stel)

Lees Jakobus 4:4-5

- Wat maak God jaloers? (Wanneer ons sonde en dinge kies eerder as God en om gehoorsaam aan Hom te wees.)
- Wat kan van die fisiese tekens wees van menslike jaloesie? (Slegte houding, gemene woorde, doen enige iets om daardie ding te kry waaroor die jaloesie gaan, ens.)
- Wat kan van die fisiese tekens wees van God se jaloesie? (Verlies van besittings of status, verhoudings wat verbrokkel, gebrek aan voorsiening en seen, ens.)

Kry terugvoering.

Mense se jaloesie is as gevolg van sonde, maar God sin nie. God is lief vir ons en jaloers wanneer ons ons tyd, liefde en aandag op ander dinge fokus en dit belangriker maak as Hy. God het die reg om jaloers te wees aangesien Hy ons gemaak het en Jesus gestuur het om aan die kruis te sterf vir ons. Hy is ons liefdevolle Skepper wat ons onverdeelde liefde en aandag verdien. Is daar dalk vandag iets in jou lewe wat belangriker vir jou is as God?

Sluit af in groepe met gebed.